

Sing vooraf: Skrifberyming 20-2:1, 4-7 (50:1, 4-7)

- 1 O grote Christus, eewge Lig, / niks is bedek vir u gesig,
wat ons bestraal waar ons ook gaan, / al skyn geen son, al blink geen maan.
- 4 Leer ons om in die lewensnag / verlangend op u koms te wag,
daar ons in stil vertrou leef / dat U ons al ons skuld vergeef.
- 5 Beskerm ons in die bange tyd / van sielsversoeking en van stryd;
help as die Bose ons bestry / dat hy oor ons geen voordeel kry.
- 6 Bewaar die Kerk wat nou nog stry, / en wil haar onder kruis verbly;
vertrou die neergeboë hart, / genees die krankes in hul smart.
- 7 O Vader, laat u liefde ons blyk; / o Seun, maak ons u beeld gelyk;
o Gees, send u vertroosting neer; / Drie-eenge God, U sy al d'eer!

Staande: Psalm 89:3 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:8 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinai in heiligheid, / deur bliksemlyg omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 8:3, 4 (p. 31)

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlijkheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Gebed

Psalm 68:2 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Skriflesing: Hebreërs 2

Teks: Hebreërs 2:9

... maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlijkheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. (Hebreërs 2:9 AFR53)

Watter gedagte van die Kruisigingsdag sal ons eerste noem?

- Ons redding wat daardie dag 'n werklikheid geword het?
- Die Here Jesus wat deur die diepste dieptes van sy vernedering gegaan het?
- Die skepping wat saam deur die skok van Jesus se dood gegaan het, en ook weer saam gejuig het met sy opstanding?

Alles is byna ewe belangrik, want hierdie en nog meer belangrike dinge het alles saamgeval toe die Here Jesus aan die kruis vasgeslaan is en daardie selfde dag nog gesterf het.

Om ook nou werklik die dag van die kruisiging met al sy ongerymdhede en ook trane en swakheid te wil onthou soos wat dit daardie dag was, is ook onmoontlik.

- Daarom gaan ons in hierdie preek net een lyn uit daardie dag probeer trek, en dit is hoe ons lewenspaaië wat maar ver van God af rondgeslinger het en nog steeds ver van Hom af rondslinger, daardie dag een pad geword het.
- Anders gestel: hoe ons daardie dag uit die vuil smet van die hel uitgeruk is en heilig gemaak is deur die Here.

Die skrywer van die Hebreërbrief maak 'n saak daarvan dat die Here Jesus almagtig is en dat Hy God is wat onmeetbaar en ook onstuitbaar in sy krag is.

- Die Here Jesus is magtiger as die engele en Hy het die hemele en die aarde geskape en Hy heilig die sondige mense sodat hulle vir God aanvaarbaar kan wees.
- Elke mens moet hierdie evangelie hoor en glo, anders is hy soos 'n voorwerp wat deur vloedwaters weggeskeur word van die oewers af en deur die geweld van die water weggedryf en vernietig word.

Hierdie dinge staan in vers 1 en 2, maar kyk na wat die Here daarmee vir jou sê!

- Jy is verlore sonder die Here Jesus!
- Sonder Hom het jou lewe nie doel en rigting nie en ook geen lewende toekoms nie!

Vers 3 het ook so 'n bangmaakeffek op ons omdat dit ons met die absoluutheid daarvan konfronteer dat jy moeilikheid het wanneer jy en jou agterlosigheid voor God beland, want jy kan nie ontvlug as jy en God in die oordeel voor mekaar sit en staan nie.

Let op hoe daar 'n sekere spanning begin opbou: Dit gaan alles oor die evangelie.

- Die evangelie is deur profete en engele en deur die vaders gepreek,
- maar die Here het self ook gepreek,
- en dan het Hy nog sy prediking bevestig ook deur wonders en tekens.

Nou begin mens wonder: Watter evangelie is dit? En wat is die inhoud van die evangelie? Dit is die evangelie van Jesus se kruisiging.

Die evangelie se inhoud is dat ons almal besmet is voor die Here.

- Daar is nie so 'n ding soos 'n rein mens nie.
- Ons is werklik afskuwelik deur ons sondes en ons is daarby nog ongelowig ook, want vers 3 laat deurskemer dat die mense vir wie hierdie brief geskryf word, almal die sonde doen dat hulle die evangelie wil aanvaar, maar sonder die Here Jesus Christus.

Jy kan nie glo as jy nie ten volle jou sondesmet besef nie.

- Ook nie as jy nie die ellende en die afgryse van die kruis begryp, en dan hierdie dinge ook skakel aan jou lewe nie.
- Daarby moet jy glo dat God hierdie dinge beskik het sodat jy ook heilig kan word, en voor Hom mag verskyn.

Die eerste deel van hierdie hoofstuk bevat ook 'n pleidooi wat ook 'n ernstige vermaning is:

- Luister na die evangelie, want jy is in 'n baie benarde posisie as jy hierdie saak verwaarloos!

Dan begin die skrywer van die brief om die kringe al nouer om ons te trek. Vers 6 begin met die mens. Ons het daar te doene met 'n aanhaling uit Psalm 8.

- Die skrywer van Psalm 8 kyk na die skepping en na die uitspansel en dan gaan hy in 'n verstomming van sy verstand.
- Meteens besef hy hoe geweldig magtig is God.
- Hy besef ook hoe groot God se genade is dat Hy in hierdie groot skepping aan 'n mens dink, wat maar 'n nietige spatseltjie daarin vorm:

Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?
(Hebreërs 2:6 AFR53)

Die skrywer bely dan twee dinge:

- Dat God alles aan die mens onderwerp het,
- maar die mens se heerlikheid skiet iewers lelik tekort, want mens kan mos sommer sien dat hy nie sy heerskappy oor die dinge uitgeoefen kry nie; daar is groot fout met die mens se koningsbeeld.

Waar daar begin is om met iets van ekstase te praat oor die mens wat maar skaars minder gemaak is as die engele, het die toonaard van die skrywer nou aansienlik verander.

- Daar is nie meer sprake van hoe goed hy is en hoe min heerlikheid hy kortkom om soveel soos die engele te hê nie.
- Baie kras kom die belydenis: Mens kan sien dat hy nie die skepping kan regeer nie, al het God dit aan hom onderwerp.

Maar u sal hoor in die aard van die sinne en woorde wat nou volg, dat mens nie meer weet of die skrywer van die brief besig is om van die mens te praat of van Jesus in sy vernedering nie.

- Die twee sake smelt heeltemal inmekaar omdat dit aan die een kant die mens se sondes is wat hierdie dinge oor die Here Jesus bewerk het.
- Maar ook omdat Jesus Christus aan die ander kant self en vrywillig in hierdie staat van vernedering ingegaan het om die mens uit hierdie toestand van smet en ellende te verlos.

Dit is waar ons teksvers dan staan.

- As ons nie sien dat die mens 'n behoorlike koning in die Naam van die Here is nie, maar ons sien ook nie dat hy vergaan in sy ellende nie, wat sien ons dan?
- Dit is asof die dinge verwarrend begin word.

Dan kom die antwoord: Ons sien die Here Jesus. En ons sien twee dinge van Jesus:

- Ons sien dat Hy vanweë sy lyding deur die dood vir 'n rukkie minder was as die engele.
 - Dit sien op Jesus se hele menslike lewe,
 - maar dan met die klem op sy dood en die lyding wat veral rondom die kruisiging was.
- Maar ons sien ook dat Jesus vanweë die lyding van sy dood met eer en heerlijkheid gekroon is.
 - Hierin breek die heerlijkheid dan vanselfsprekend ook vir die mense deur, want wanneer die skrywer hier van die mens praat, praat hy van ons in ons ellende, maar ook hoe ons uiteindelik daarvan verlos word deur die werk van die Here Jesus.
 - Ons gaan op in die heerlijkheid van die Here Jesus.

Die Bybel gee hier self die toepassing of rede waarom die Here Jesus dan nou deur al hierdie ellende moes gaan.

- Dit is sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.
- Dit beteken glad nie dat Jesus die genade van God ontvang het om te kan sterf nie, want u moet onthou dat Hy nog aan die kruis uitgeroep het dat God Hom verlaat het!

Hierdie gedeelte beskryf die pad wat die genade geloop het om by ons uit te kom!

- God se genade het bepaal dat Jesus minder as die engele moes word.
- Ook dat Hy moes sterf,
- sodat Hy met heerlijkheid sou opstaan, en
- ons daarna ook met hierdie heerlijkheid beklee sodat ons dieselfde heerlijkheid as Hy het.

Dit is die eenheid waarna vers 11 net hierna verwys.

Die oordeel van God en die genade van God gaan altyd hand aan hand. So het ons dit hier ook weer.

- Eers die genade – dis dat ons verlore heerlijkheid en heerskappy weer herstel word deur die Here Jesus.
- Dan die oordeel: vers 10 die woorde *baie kinders*.
 - God heilig nie alle mense nie. Die woord *baie* plaas 'n beperking op die mensdom – 'n groot klomp deel in Jesus se heiligmaking, maar nie almal nie.
 - Net soos wat God nie net sy Seun Jesus alleen heilig maak en uit die dood laat opstaan nie, so gaan Hy ook nie na die ander uiterste toe om almal voor die voet te heilig nie.

Hierdie oordeel sluit dus onmiddellik aan by die begin van die hoofstuk: Hou vas aan hierdie evangelie en luister as dit aan jou verkondig word, anders is jy nie deel van die wat weer heilig word nie.

Vers 11 en 12 vestig maar net weer ons aandag op wat ons reeds baie goed weet:

- God het rede om Hom vir ons te skaam, maar Hy doen dit nie.
- Hy vereenselwig Hom met ons en daarom noem Jesus ons sy broers en in vers 13 “die kinders wat God My gegee het”.

Die kruis herinner ons dan daaraan dat daar 'n dag sal kom wanneer ons heerskappy en ons heerlikheid weer herstel sal wees.

- Dit herinner ons ook daaraan dat daar 'n dag sal kom wanneer ons weer oor die duiwel sal heers – al kan mens nou nog nie sien dat alles aan ons onderwerp is nie.
- Solank ons net onthou dat ons hierdie dinge kry omdat die Here Jesus verneder is, dat Hy 'n mens moes word en daardeur selfs minder moes word as 'n ander deel van sy eie skepping – die engele!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm

Skrifberyming 2-4:1, 2 (33:1, 2)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 28 September 2014